18 September 2019

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer

- Lokale weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir die VSA, Brasilië en Argentinië

Pariteite

Invoer en-uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou

- VSA aanplantings vordering vir sojabone en mielies
- VSA graankondisies en opkomsverslag
- Verwagtinge vir die USDA verslag

Lokale landbou

- Weeklikse progressiewe produsente lewerings
- In-en uitvoere van mielies

Wisselkoers

Oorsig oor die beweging tussen die ZAR en VSA dollar

Prys risikobestuur

Langtermyn opsie strategie

NASIONALE

WEER



Tien dae voorspelling:

Minimum reënval word voorspel vir Kwazulu - Natal asook die verre oostelike dele van Mpumalanga. Droë toestande word verwag oor dir res van Suid- Afrika.
Die droogte toestande sal ‘n negatiewe impak op Wintergraan kondisies hê.

Tien dae weervooruitsig: Noord-Amerika

Normale tot bo-gemiddelde reënval word voorspel vir die mielie gordel oor die volgende 10-dae. Die goeie neerslae sal graan kondisies ondersteun.



INTERNASIONALE

WEER

Tien dae weervooruitsig: Suid-Amerika

Goeie reënval word voorspel vir die hoofproduksie gebiede van Brasilië wat verligting sal bring vir huidige droogte toestande, en sal die nuwe seisoen-aanplantings tempo ondersteun.



RANDAGRI

PARITEITE



	Nov-19	Des-19	Mar-20	Jul-20
Invoerpariteit PMB	R2 839	R2 877	R3 038	R3 148
Invoerpariteit Kaap	R2 575	R2 613	R2 699	R2 867
SAFEX geelmielies	R2 630	R2 660	R2 651	R2 553
Uitvoerpariteit	R2 135	R2 134	R2 237	R2 396

VSA graan kondisies (Goed / Uitstekend)

Mielies

2017 = 61%	2018 = 68%
5j gem = 69%	Huiduge week = 55%

Sojabone

2017 = 59%	2018 = 67%
5j gem = 67%	Huidige week = 55%

LAND BOU

VSA Graan Groei Fases

Mielies - Volwasse Fase



Sojabone - Volwasse Fase



NASIONALE

LANDBOU

Produsente lewerings soos op 13 September

Mielies

Huidige jaar:

Witmielies = 4 875 987t

- 88% van oes gelewer

Geelmielies = 4 855 789t

- 89% van oes gelewer

Vorige jaar:

Witmielies = 5 879 286t

- 90% van oes gelewer

Geelmielies = 5 122 855t

- 86% van oes gelewer

Sojabone

Huidige jaar:

= 1 114 662t

- 95% van oes gelewer

Vorige jaar:

= 1 470 131t

- 96% van oes gelewer

Sonneblom

Huidige jaar:

= 668 763t

- 98% van oes gelewer

Vorige jaar:

= 850 046t

- 99% van oes gelewer

LANDBOU


Produsente lewerings: Mielies
WM
YM
900 000
800 000
700 000
600 000
500 000
400 000
300 000
200 000
100 000
11/04 - 03/05/2019
04/05 - 10/05/2019
11/05 - 17/05/2019
18/05 - 24/05/2019
25/05 - 31/05/2019
01/06 - 07/06/2019
08/06 - 14/06/2019
15/06 - 21/06/2019
22/06 - 28/06/2019
29/06 - 05/07/2019
06/07 - 12/07/2019
13/07 - 19/07/2019
20/07 - 26/07/2019
27/07 - 02/08/2019
03/08 - 09/08/2019
10/08 - 16/08/2019
17/08 - 23/08/2019
24/08 - 30/08/2019
31/08 - 06/09/2019
07/09 - 13/09/2019


Podusente lewerings: Oliesade
SOYA
SUNS
200 000
180 000
160 000
140 000
120 000
100 000
80 000
60 000
40 000
20 000
0
23/02 - 01/03/2019
02/03 - 08/03/2019
09/03 - 15/03/2019
16/03 - 22/03/2019
23/03 - 29/03/2019
30/03 - 05/04/2019
06/04 - 12/04/2019
13/04 - 19/04/2019
20/04 - 26/04/2019
27/04 - 03/05/2019
04/05 - 10/05/2019
11/05 - 17/05/2019
18/05 - 24/05/2019
25/05 - 31/05/2019
01/06 - 07/06/2019
08/06 - 14/06/2019
15/06 - 21/06/2019
22/06 - 28/06/2019
29/06 - 05/07/2019
06/07 - 12/07/2019
13/07 - 19/07/2019
20/07 - 26/07/2019
27/07 - 02/08/2019
03/08 - 09/08/2019
10/08 - 16/08/2019
17/08 - 23/08/2019
24/08 - 30/08/2019
31/08 - 06/09/2019
07/09 - 13/09/2019

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoere = 260 050t
- Invoere = 0t

Geelmieles

- Uitvoere = 121 712t
- Invoere = 213 001t



WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die Suid-Afrikaanse rand het vandag sterker verhandel teenoor die Amerikaanse dollar.

Tydens SAFEX handelsure het die rand nie groot beweging getoon nie en het tussen R14.61 en R14.63 verhandel.

Tydens tyd van skryf het die rand steeds op R14.63 verhandel teenoor die Amerikaanse dollar.

NUUS

Afrika graanmark nuus.

Mosambiek:
Suid-Afrika bly die hoofuitvoerder van mielies na Maputo. Die totale mielie-oes in Mosambiek word op 1.7 miljoen ton geskat, en verbruik op 2 mijoen ton jaarliks.

Zimbabwe:
Die regering bly die enigste wettiglike aankoper van graan en mielievoorrade. Die voorade is egter laer as wat die regering voorgee. Slegs 330 000 ton voorraad is tans beskikbaar, met ‘n maandelikse verbruik van 130 000 ton.

Zambia:
Zambia sal vir die eerste keer sedert 2004 moet invoer. Die beplande invoere staan op 200 000 ton. Oesskattings dui aan dat Zambië 2 miljoen ton sal produseer, terwyl die jaarlikse verbruik net meer as dit is.

El-Nino sisteem neutral vir die oomblik.

Die huidige El Nino sisteem is tans op ‘n neutrale vlak, wat beteken dat normale reënval in die somerreënvalgebiede kan voorkom. Die kouer tempertature het vroeë reënval effens verhinder.
Na verwagtinge sal die eerste verligting en goeie neerslae eers in die omgewing van 21 tot 24 September geskied. Die normale El-Nino sisteem dui die moontlikheid aan dat die eerste swaar neerslae eers laat somer kan voorkom (einde Oktober/ November), wat tot laat aanplantings sal lei.

Lees meer in:
http://www.farmingportal.co.za/index.php/all-agri-news/news-of-_the-day/3079-santam-agriculture-_climate-and-agricultural-_conditions-south-africa

Skaapwol industrie op die agtervoet.

Die skaapwolbedryf in Suid-Afrika het tot dusver, (tydens die 2019 seisoen) nie goeie vordering gemaak nie weens ‘n gebrek aan vraag. Die gebrek kom, nadat China vroeër die jaar alle invoere van Suid-Afrikaanse wol tydelik verban het as gevolg van die bek-en-klouseer uitbraak. Geen vordering is tot dusver behaal met die handelsooreenkoms tussen China en Suid-Afrika nie. China dra by tot 72% van Suid-Afrika se totale wol uitvoere , die verbanning van uitvoere sal produksie in Suid-Afrika ‘n erge knou gee.

Lees meer in:
https://wandilesihlobo.com/2019/09/11/these-are-challenging-_times-for-the-global-wool-_industry/

OPSOMMING

- Geen reënval word vir die meeste dele in die somerreënvalgebiede verwag oor die volgende tien dae nie. Kwazulu-Natal en die verre ooste in Mpumalanga kan wel reënval verwag.
- Goeie reënval word voorspel o vir die VSA mielie gordel or die volgende tien dae. Die goeie reënval sal graan kondisies ondersteun en pryse onder druk plaas.
- Geelmielies op SAFEX handel tans bo die Kaap invoerpariteit wat opwaartse prysbeweging sal beperk.
- Volgens die nuutse graanverwagtingverslag bly VSA graan kondisies onveranderd, maar steeds agter die 5-jaar gemiddelde. Die verslag het geen impak op graanpryse gehad nie.
- Die sterker Suid-Afrikaanse rand plaas lokale pryse onder druk en het enige opwaartse beweging beperk.

RISIKO BESTUUR



Wat word gedoen:

- Koop “call”-opsie teen R3 100
- Verkoop “put”-opsie teen R2 800
- Verkoop 2 x “call”-opsies op R4 000

Waarom lang-termyn opsie strategie?

Die strategie word gewoonlik geimplimenteer indien die kliënt sy graan wil bemark, maar steeds wil deelneem aan die mark aangesien hy dink daar is ‘n moontlikheid van groei (‘n opwaartse beweging). Normaalweg sal die kliënt ‘n 70/30 strategie implimenteer waar hy ‘n vasteprys vasmaak en dan op ‘n verdere maand ‘n posisie aankoop. Die risiko is dat vir elke rand wat die mark afbeweeg dit vir die kliënt se rekening is.

Uitkoms:

- Indien die **mark opwaarts beweeg**, deel die kliënt in die winste tussen die R3100 vlak, tot en met die R4 000/t vlak (“call”-opsie}.
- Indien die **mark daal** verloor die kliënt geen geld tot met die R2 800 vlak nie (“put”-opsie).
- Sou die mark **onder die R2 800 vlak beweeg**, koop die kliënt sy graan terug teen R2 800 en ontvang ‘n lang 'futures" posisie.
- Dus as die mark beweeg na R 2500, verloor die kliënt R300/t en is dit sy verpligting om die R300 in te betaal.

Vandag se volhoubare boerdery is gebou op die grondslag wat ons oupas, hulle pa's en Kynoch gelê het. Nou, na meer as 'n eeu en met hernude energie, bou Kynoch hierop voort om 'n steeds volhoubare toekoms vir toekomstige generasies te help skep.

Derhalwe het ons ons fokus verder verskerp om onder andere produkte te ontwikkel wat ons produsente voorsien van innoverende tegnologieë wat die werking van bemesting en gewasse verbeter.

Met ons visie om die Kynoch-handelsnaam en -voetspoor in Suid-Afrika en suidelike Afrika uit te brei en die voorste verskaffer van volhoubare plantvoedingsoplossings te wees, gaan ons die toekoms vol vertroue tegemoet.

Skaar jou dus gerus by die voorste invoerder, vermenger en kleinhandelaar van die mees uitgebreide reeks kunsmisprodukte in suidelike Afrika … want in 110 jaar het ons nog nooit op ons louere gerus nie … inteendeel, ons gryp voortdurend verandering en innovasie aan, want dit is wat ons op die voorpunt hou.

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

Kynoch

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | **www.kynoch.co.za**

Nie handeldrywend in die Wes-Kaap nie.

Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer Reg. nr: 2009/009254 1/07



KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: 24 Samora Machel Straat,
Middelburg, Mpumalanga